# 1

**Bybelteks vir memorisering:  Openbaring 3:20**

Soek die antwoorde op die volgende vrae in u Bybel in die Nuwe Testament.  As daar Johannes 1:12 staan, word die Evangelie volgens Johannes, Hoofstuk 1, vers 12 bedoel. *(Die register voor in die Bybel sal die bladsy aangee).*  Lees die antwoord in die Bybel en skryf dit dan in u eie woorde neer.  Tekste uit die Ou Testament word in hierdie studie volledig aangehaal uit die 1933/53 *Vertaling,* vir ingeval u net ŉ Nuwe Testament besit.

1. Toe ek Christus se persoonlike uitnodiging aangeneem het, het ek
   ________________________________________ van God geword. *(Johannes 1:12).*

2. Die koms van Christus in die lewe of hart van die indiwidu is ŉ persoonlike saak tussen Christus en die een wat Hom ontvang, en word deur Christus in Openbaring 3:20 beskrywe: -

(a) Wie klop aan die deur? ____________________________________________________
*(Lees Openbaring 1:1 vir verdere identifisering)*

(b) Wie mag Sy stem en klop beantwoord? ______________________________________
______________________________________________________________________________

(c) Wat wil Hy hê moet ek doen? __________________________________________________
______________________________________________________________________________

(d) Wat sal Hy doen as ek die deur oopmaak? _________________________________
______________________________________________________________________________

(e) Hoe kan ek die deur oopmaak? ________________________________________________
________________________________________________________ *(Openbaring 3:19)*

(f) Het u die deur oopgemaak? ____________________________________________________
______________________________________________________________________________

(g) Waar is Jesus Christus op hierdie oomblik? ___________________________________
______________________________________________________________________________

*3.* Die rede waarom Christus gekom het om te soek en te red is omdat ons ____________
_____________________________ was *(Lukas 19:10).*

4. Wat was die oorsaak van ons verlore toestand volgens Romeine 3:23? ____________

______________________________________________________________________

5. Wat is, volgens die Bybel, die loon van die sonde? *(Rom. 6:23)* ________________

6. Wie het alreeds geboet vir my sondes? In Jesaja 53:6 staan: "Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." *(Lees ook Romeine 5:8-9)*. ______________

   ______________________________________________________________________

7. Wat het God gedoen toe ek my sondes bely het? (1 Johannes 1:9) *(Moenie 1 Johannes {een van Johannes se briewe, naby die einde van die Nuwe Testament} verwar met die Evangelie volgens Johannes nie.)* ________________

   ______________________________________________________________________

8. Wat moet ek doen omtrent die sondes wat ek alreeds bely het en waaroor ek opreg jammer is? In Jesaja 55:7 staan geskrywe: "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik." *(Onderstreep die gedeeltes wat sê wat u met u sondes moet doen.)*

9. Volgens Efesiërs 2:8-9 is die enigste manier om gered te word deur: *(merk die regte antwoord)*
   a) Goeie werke te doen
   b) Self te probeer doen wat reg is
   c) God se vergifnis deur die geloof aan te neem

10. Maar nadat ons gered en nuwe mense in Christus is, is God se doel met ons dat

    ______________________________________________________________________

    ______________________________________________________________________

    ____________________________________________________________ *(Ef. 2:10)*.

11. Wie leer ons deur Jesus Christus ken? *(Joh. 14:6-9)*________________________

    ______________________________________________________________________

12. *(Onderstreep die regte woord)* In 1 Johannes 5:13 staan geskrywe: "sodat julle kan **weet** / **dink** / **hoop** dat julle die ewige lewe het."

13. Waarheen gaan ek as ek vannag sou sterwe? ____________________________

    ____________________________________________________________*(Joh. 6:45-47)*.

14. Vertel kortliks hoe u weet dat u 'n kind van God is. ______________________

    ______________________________________________________________________

15. Noudat ek wedergebore en ŉ kind van God is *(Johannes 3:37)*, het ek geestelike voedsel nodig om te lewe en te groei. Watter geestelike voedselsoort het ek nodig? *(Mattheus 4:4).*

(a) **Lees daagliks jou Bybel:** Dit is die eerste geestelike voedselsoort. Begin om die Evangelie van Johannes stelselmatig, een hoofstuk per dag, deur te lees. Elkeen van hierdie Bybelstudies bevat sowel vrae oor die boek van Johannes, as oor ander boeke. Dra die betrokke teksvers elke dag in u sak en leer dit van buite. Daar is nog vier ander maniere om geestelik te groei.

(b) **Bid elke dag:** Praat openhartig met God.

(c) **Woon waar moontlik alle kerkdienste en-verrigtinge by.** ŉ Kerk waar die Bybel as grondslag dien en waar Jesus Christus vereer word.

(d) **Wees gehoorsaam aan God.** As u nie weet of ŉ sekere handeling reg of verkeerd is nie, vra uself die volgende af: "Wat sou Jesus doen?"

(e) **Getuig:** Vertel aan iemand anders wat die Here vir u gedoen het.

***Nou verstaan u beter "wat met my gebeur het"***
***en tog is dit maar net die begin van u grootste avontuur!***

**Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.**
**As iemand my stem hoor en die deur**
**oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe**
**en saam met hom maaltyd hou,**
**en hy met My. (Openbaring 3:20)**